Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/**
**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

ÉcoleBooks

# EKONOMIE V1

**NOVEMBER 2020**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C – amplitude ✓✓
1.1.2 B – China ✓✓
1.1.3 D – 0,4 ✓✓
1.1.4 B – Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring ✓✓
1.1.5 C – M3 ✓✓
1.1.6 D – arbeidsbronne ✓✓
1.1.7 A – prima ✓✓
1.1.8 A – belasting op alkohol ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D – besteding wat ongeag die vlak van inkome plaasvind ✓

1.2.2 E – die effening van sakesiklusse deur die gebruik van monetêre en fiskale beleid ✓

1.2.3 H – amptelike reëls en regulasies wat dienslewering kan verhinder ✓

1.2.4 F – verseker die aanbod van gestandaardiseerde artikels deur 'n geoutomatiseerde meganiese proses ✓

1.2.5 C – fokus op die verkryging van vaardighede ✓

1.2.6 I – verkoop van goedere in 'n ander land teen baie lae pryse waarmee die plaaslike nywerheid nie kan meeding nie ✓

1.2.7 G – styging in 'n land se produksiekapasiteit ✓

1.2.8 B – koördineer regeringsaksies om die mededingendheid van Suid-Afrikaanse besighede te vergroot ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Ekonomies aktiewe bevolking / ekonomies bedrywige bevolking ✓
1.3.2 Philips-kromme ✓
1.3.3 Spesiale trekkingsregte ✓
1.3.4 Sanksies / embargo / boikotte / tariewe / verbod / invoerbelasting / kwotas ✓
1.3.5 Morele oorreding ✓
1.3.6 Verstedeliking ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE bronne van staatsinkome.**

- Belasting (Persoonlike inkomstebelasting / Kapitaalwinsbelasting / Belasting op toegevoegde waarde / Doeaneregte / Aksynsregte / Brandstofheffing) ✓
- Inkome uit verhuur van eiendom ✓
- Inkome uit privatisering van staatsbates ✓
- Winste van SOOs ✓
- Donasies ✓
- Lenings ✓ (2 x 1)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.1.2 **Wat is die doel van die residuele item wanneer die bestedingsmetode gebruik word om nasionale inkome te bereken?**

Die residuele item neem foute en weglatings in ag wat voorgekom het in die balansering van die BBP- en BBI-vergelyking ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Water regeringsvlak ontwikkel beleide en koördineer dienste in al nege provinsies?**

Nasionale / Sentrale ✓ (1)

2.2.2 **Noem EEN makro-ekonomiese doelwit van die staat.**

- Ekonomiese groei ✓
- Volle indiensneming ✓
- Ekonomiese gelykheid ✓
- Prysstabiliteit ✓
- Wisselkoersstabiliteit ✓
- Betalingsbalans ewewig ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *rekenpligtigheid*.**

Die plig van 'n individu of organisasie om sy besluite en aksies te verduidelik en verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Hoe sal die staat voordeel trek uit die privatisering van staatsbeheerde ondernemings?**

- Genereer ekstra fondse vir die owerheid om meer goedere en dienste te voorsien ✓✓
- Die belastingbasis word uitgebrei, stygende maatskappy-belasting wat 'n inkomste vir die staat verseker ✓✓
- Dit kan lei tot groter doeltreffendheid in die ekonomie omdat die loonrekening daal en die staat toelaat om by 'n groter verskeidenheid dienste betrokke te raak ✓✓
- Die owerheid kan privatisering gebruik om breëbasis swart ekonomiese bemagtiging te bevorder✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoekom is die *prysbeleid* 'n probleem vir die owerheid met die verskaffing van goedere en dienste?**

- Staatsbeheerde ondernemings werk nie binne die markstelsel van vraag en aanbod nie, en skep probleme in die bepaling van pryse vir publieke goedere en dienste ✓✓
- Gemeenskapsgoedere word gratis verskaf, omdat dit moeilik is om 'n prys toe te ken as gevolg van nie-uitsluitbaarheid en nie-mededingende eienskappe ✓✓
- Gebruikerstariewe: regering verloor inkomste a.g.v. motoriste in gebrek bly om e-tol te betaal, wat aanleiding gee tot belastingontduiking ✓✓
- As die prys van 'n produk of diens skerp styg sal dit lei tot 'n wantoedeling van hulpbronne ✓✓ byvoorbeeld water en elektrisiteit ✓
- Wanneer die owerheid oorweeg om die koste van 'n diens deur heffings te dek, ontstaan probleme as relatiewe hoë vaste koste betrokke is ✓✓ publieke spoor- of busvervoer, waar direkte en indirekte subsidies die koste gedeeltelik dek ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Watter item in die lopende rekening is uniek aan Suid-Afrika?**

Netto gouduitvoere ✓ (1)

2.3.2 **Benoem die item A in die lopende rekening in die tabel hierbo ontbreek.**

Lopende oordragte ✓ (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


2.3.3 **Beskryf kortliks die term *kapitaaloordragrekening***

Dit is 'n netto bedrag en sluit alle transaksies en toelaes verwant aan die eienaarskap van vaste bates, skuldkwytskelding en die waarde van huishoudelike en persoonlike aard asook finansiële eise en laste van migrante in ✓✓ (2)

2.3.4 **Verduidelik EEN faktor wat die vraag sal beïnvloed om die tekort in die betalingsbalans te verminder.**

- 'n Styging in die repokoers beïnvloed rentekoerse en lei tot 'n daling in invoerbesteding ✓✓
- Owerheidsaansporings word toegepas om invoere te vervang ✓✓
- Invoerbeheer (tariewe en kwotas) verlaag die vraag ✓✓
- Sekere vorme van wisselkoersbeheer is teruggehou deur die sentrale bank, wat buitelandse valuta sal terughou en lei tot 'n daling in die vraag ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Bepaal die waarde van die handelsbalans. Toon alle berekeninge.**

| | |
|---|---|
| Goedere-uitvoere | 1 175 547 ✓ |
| Plus netto gouduitvoere | (+) 71 678 ✓ |
| Minus Goedere-invoere | (-) 1 222 944 ✓ |
| | R24 281m ✓ |

(4)

2.4 **Verduidelik kortliks leidende en saamgestelde aanwysers as kenmerke onderliggend aan die vooruitskatting van sakesiklusse.**

LEIDENDE AANWYSERS

- Wanneer hierdie aanwysers styg, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook 'n paar maande later styg ✓✓
- Leidende aanwysers gee verbruikers, besighede en die regering insae in die rigting waarin die ekonomie beweeg ✓✓
- Leidende wkonomiese aanwysers is ook belangrik vir beleggers, omdat hulle gebruik word pm die ekonomie te voorspel ✓✓
- Bv. Advertensies van poste, voorraad en verkope ✓ (Maks 4)

SAAMGESTELDE AANWYSERS

- 'n Opsomming van die verskillende aanwysers van dieselfde soort as 'n enkele syfer ✓✓
- Al drie aanwysers kan bereken word as 'n enkele saamgestelde aanwyser wat verwysingsgegewend van die land se ekonomiese prestasie sal wees ✓✓
- Bv. Vind 'n waarde vir 'n saamgestelde, leidende, samevallende en sloerende aanwyser ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4)

(2 x 4)

('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

2.5 **Ontleed die impak van 'n devaluasie van die rand op die ekonomie.**

<u>Dit sal die ekonomie positief beïnvloed omdat:</u>
- uitvoere goedkoper raak wat die land sal in staat stel om meer mededingend te raak ✓✓
- produksie sal styg wat sal lei tot werkskepping ✓✓
- 'n styging in uitvoere sal lei tot 'n verbetering in die betalingsbalans (wat die tekort sal verminder) ✓✓
- 'n toename in totale vraag sal lei tot ekonomiese groei ✓✓
- dit sentrale banke toelaat om rentekoerse te sny wat die ekonomie sal stimuleer ✓✓

<u>Dit sal die ekonomie negatief beïnvloed omdat:</u>
- dit inflasie veroorsaak wat invoere duurder maak ✓✓
- dit die koopkrag verlaag (verlaging in reële lone) van Suid-Afrikaners wat oorsee reis ✓✓
- dit potensiële beleggers afskrik want die bates se waardes sal daal wat kan lei tot kapitaalvlug (disinvestering) ✓✓
- skuld in buitelandse valuta 'n negatiewe impak sal hê op die koste van terugbetalings ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 8) (8)

('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde) **[40]**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem TWEE aanwysers wat aan buitelandse handel verwant is.**

- Ruilvoet / Uitvoer en invoer verhouding ✓
- Wisselkoers ✓
- Betalingsbalans ✓
- Rentekoers differensiaal ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat is die doel van die Uitgebreide Openbare Werkeprogram?**

Dit bied werk vir gemarginaliseerde groepe wat huidiglik werkloos is ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die ekonomiese aanwyser wat die gemiddelde verdienste van elke persoon in die land weerspieël.**

Per capita BBP ✓ (1)

ÉcoleBooks

3.2.2 **Noem EEN internasionale instelling wat vereis dat Suid-Afrika se ekonomiese aanwysers gestandaardiseer word.**

- Verenigde Nasies ✓
- Wêreldbank ✓
- Internasionale Monetêre Fonds ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *reële bruto binnelandse produk*.**

Die totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die landsgrense waar veranderinge in prysvlakke (inflasie) in berekening gebring is ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Hoe word die werkloosheidskoers in die land bepaal?**

Die aantal werklose mense uitgedruk as 'n persentasie van die arbeidsmag ✓✓

OF

$\frac{\text{aantal werklose mense}}{\text{EAB (arbeidsmag)}} \times 100$ ✓ ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoekom is dit noodsaaklik dat Suid-Afrika se ekonomiese aanwysers volgens internasionale voorskrifte gestandaardiseer word?**

- Dit is belangrik dat 'n land die vermoë besit om suksesvol internasionaal mee te ding met volhoubare verbetering in reële produksie en welvaart ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie is toenemend betrokke in wêreldmarkte deur uitvoere en invoere, en ervaar hoë vlakke van onsekerheid in die globale omgewing wat hoë groei belemmer ✓✓
- Verskeie internasionale instansies bepaal spesifikasies hoe aanwysers saamgestel moet word, wat vergelykbaarheid van syfers op dieselfde wyse saamgestel, vergemaklik ✓✓
- Die Stelsel van Nasionale Rekeninge word volgens die spesifikasies van die Verenigde Nasies opgestel ✓✓
- Suid-Afrika kan slegs bevoordeeel word uit hierdie internasionale organisasies, as aanwysers geredelik beskikbaar is ✓✓ Bv. oorbruggingsfinansiering van die IMF ✓ finansiëê ✓ and kindertoelaes van die Verenigde Nasies se Kinderfonds (Unicef) ✓
- Die Suid-Afrikaanse owerheid vorm deel van verskeie internasionale organisasies en NROs, wat wêreldwyd betrokke is by die verskaffing van finansiële hulp, toelaes, lenings en lewering van gratis dienste ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Gee EEN voorbeeld van 'n Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief in Suid-Afrika wat nie hierbo genoem is nie.**

Korridor / NOS ✓
(Aanvaar die neem van enige ander ROI) (1)

3.3.2 **Watter staatsdepartement is verantwoordelik vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika?**

Departement van Handel en Nywerheid ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *Nywerheidsontwikkelingsone.***

Doelgeboude nywerheidseiendom, fisies omhein en strategies verbind aan 'n hawe of lughawe in doeanevrye invoergebiede ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Hoe help die buitelandse beleggingstoelaag om streeksnywerheidsontwikkeling te bevorder?**

Dis 'n kontant-aansporingskema vir buitelandse beleggers wat hul aanvangskoste dek en die vestiging van besighede in verskillende streke aanmoedig ✓✓bv. vergoed word vir die koste om nuwe masjinerie en toerusting te verskuif ✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.3.5 **Hoekom word die nuwe Spesiale Ekonomiese Sone-program as 'n verbetering op die huidige Nywerheidsontwikkeling-sones beskou?**

- Die SES'e het 'n breër nywerheidsontwikkelingsdoelwit en kan in enige en kan in enige gebied aangetref word, en hoef nie naby 'n hawe of lughawe geleë te wees soos die NOS'e nie ✓✓
- Die SES behels produksie vir uitvoer en binnelandse gebruik, terwyl die NOS gefokus is op uitvoere uitsluitlik ✓✓
- SES bied spesiale belastinginsentiewe van 15% wat nie van toepassing is op bestaande NOS'e nie ✓✓
- SESse lei tot 'n mer gediversifiseerde ekonomie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Verduidelik kortliks bevolkingsgroei en lewensverwagting as kenmerke van *demografie as sosiale aanwyser*.**

**Bevolkingsgroei**

- Demografiese inligting verwys na inligting oor die grootte en ouderdom struktuur van 'n bevolking, en het belangrike implikasies vir publieke sektor besteding ✓✓
- Huidig is die Suid-Afrikaanse bevolking omtrent 58 miljoen ✓✓
- Sensus word elke paar jaar gedoen om die bevolkingsgroei te bepaal ✓✓
- Die bevolkingsgroeikoers is 'n belangrike aanwyser vir die owerheid in terme van die aantal sosiale dienste wat benodig word ✓✓
- Die grootte en die verandering in die bevolking is 'n aanduiding van die arbeidsmag van die toekoms wat infrastruktuur nodig sal hê ✓✓

**Lewensverwagting**

- Lewensverwagting verwys na die aantal jare wat 'n individu verwag om te leef ✓✓
- Die reflekteer die gemiddelde ouderdom wanneer mense in 'n land sterf ✓✓
- In Suid-Afrika is lewensverwagting laag as gevolg van VIGS ✓✓
- Ander demografiese aanwysers sluit migrasiekoerse, bevolkingsdigtheid, sterftekoerse en geboortekoerse in ✓✓
- Assuransiemaatskappye stel belang in die daling van lewensverwagting, omdat dit 'n impak op premies en dienslewering sal hê ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 4) (8)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

3.5 **Evalueer die sukses van die breëbasis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) in die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

Die BBSEB was suksesvol in Suid-Afrika omdat:

- Implementering van hierdie strategie die land se inheemse volke bemagtig het, soos voorgeskryf deur die Verenigde Nasies en Wêreldbank se ontwikkelingsinisiatief ✓✓
- Swart-beheerde ondernemings is bevoordeel deur die staat se voorkeurverkrygingsbeleide waar ooreenstemming met die DHN-telkaart noodsaaklik is ✓✓
- Dit verskaf toegang tot kapitaal en opleiding van potensiële swart entrepreneurs gefokus op die bemagtiging van swart vroue ✓✓
- 'n Aansienlike verandering het plaasgevind in die rasse-samestelling van eienaarskap en bestuurstrukture van baie besighede ✓✓
- Politieke stabiliteit is bereik in die regstelling van ongelykhede van die verlede en stimulering van deelname van voorheen benadeelde groepe in die ekonomie ✓✓

Die BBSEB was nie suksesvol in Suid-Afrika nie, omdat:

- Die grootste deel van die benadeelde mense van hierdie land nog nie ten volle voordeel getrek het uit die beleid nie, aangesien armoede en werkloosheid steeds toeneem ✓✓
- Firmas met swak BBSEB-puntetellings sal hoogs onwaarskynlik deel in staatskontrakte alhoewel hulle 'n groot persentasie swart mense in diens het, wat negatiewe impak sal hê op ander swart beheerde maatskappye ✓✓
- Tenders word toegeken volgens voorkeurverkryging, en kos die staat meer aangesien hulle nie die verskaffers van dienste is nie maar gebruik maak van uitkontraktering (omdat hulle nie betrokke is by die verskaffing van goedere en dienste nie word kwaliteit ingeboet) ✓✓
- Bedrog kom voor waar betaling vir tenders gemaak is sonder dat enige produk of diens verskaf is ✓✓
- Bedrog soos vervalste SEB-sertifikate, wanvoorstellings aan staatsdepartemente, nie in staat om aandelesertifikate uit te reik nie en diefstal ✓✓
- Die herverdeling van rykdom is beklemtoon en het nie ekonomiese groei bevorder nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)
**[40]**

ECOLEBOOKS



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE vorme van ekonomiese integrasie.**

- Vrye handelsgebied ✓
- Doeane-unie ✓
- Gemeenskapsmark ✓
- Ekonomiese unie ✓
- Monetêre unie ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Wat is die fokus van die Nasionale Navorsing en ontwikkelingstrategie?**

Fokus op verbeterde innovering; navorsing in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie; ontwikkeling van menslike hulpbronne; transformasie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die eksogene rede vir sakesiklusse in die inligting hierbo.**

ÉcoleBooks

A / klimaatstoestande wat lei tot droogtes en vloede ✓ (1)

4.2.2 **Noem enige EEN tipe sakesiklus.**

- Kitchin ✓
- Jugler ✓
- Kuznets ✓
- Kondratieff ✓ (1)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *sakesiklus.***

Opeenvolgende periodes van stygende en dalende ekonomiese aktiwiteit ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.2.4 **Hoekom moedig die endogene denkskool staatsinmenging in die ekonomie aan?**

- Markte is onstabiel, daarom behoort die staat in te meng in die ekonomiese prosesse om die ekonomie te stabiliseer (om pieke en trôe uit te stryk) ✓✓
- Die prysmeganisme faal om aanbod en vraag in die produkte- en faktormark te koördineer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Hoe kan die Reserwebank 'n vraagkantbeleid gebruik om 'n demper op die ekonomie te plaas?**

- Die Reserwebank sal 'n beperkende monetêre beleid gebruik om ekonomiese aktiwiteit te verlaag of inflasie te verlaag ✓✓
- Gebruik die monetêre beleid om die rentekoers te verhoog om geldvoorraad te verminder ✓✓
- Verhoog die kontantreserwevereiste wat daartoe lei dat banke minder geld het om uit te leen ✓✓
- Verkope van staatseffekte aan banke om likiditeit te verlaag (opemarktransaksies) ✓✓
- Oorreed banke om die hoeveelheid krediet aan verbruikers te beperk (morele oorreding) ✓✓
- SARB kan tydelik inmeng deur buitelandse valuta te koop of te verkoop om die waarde van die rand te stabiliseer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Watter internasionale organisasie moedig vryhandel aan?**

Wêreldhandelsorganisasie ✓ (1)

4.3.2 **Noem die begrip wat met die wêreldwye integrasie van ekonomieë deur handel verband hou.**

ÉcoleBooks

Globalisering ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *beskerming.***

'n Beleid wat owerhede instel om plaaslike produsente teen die onregverdige effek van buitelandse mededinging te beskerm ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die impak van beskerming op die waarde van die rand.**

Die <u>rand (geldeenheid) sal appresieer</u> as die wisselkoers verbeter as gevolg van 'n negatiewe handelsbalans waar beskermings-maatreëls ingestel is om tekort op betalingsbalans reg te stel ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe sal verbruikers uit 'n beleid van vryhandel voordeel trek?**

Die verbruiker:
- geniet <u>vryheid van keuse</u> om enige plek ter wêreld te koop / hulle word nie beperk tot aankoop van plaaslik geproduseerde goedere nie ✓✓
- koop <u>produkte goedkoper</u> aan in ander lande as hulle sekere items goedkoper produseer (verminderde pryse) ✓✓
- <u>se welvaart styg</u> omdat sommiges verkies om buitelandse goedere eerder as binnelandse goedere aan te koop ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


4.4 **Verduidelik kortliks *goeie owerheidsbestuur* en *belegging in sosiale kapitaal* as maatstafkriteria (verwysings-/normkriteria) vir streeksontwikkeling.**

<u>GOEIE STAATSBESTUUR:</u>

- Streeksontwikkelingstrategieë moet effektief en vry van korrupsie bestuur word ✓✓
- Moet ondersteun word deur demokratiese besluitneming wat nie deur nepotisme en geheimhouding ondermyn word nie / stel mense mett die regte vaardighede aan ✓✓
- Behels deursigtigheid waar daar oorleg gepleeg moet word met alle rolspelers ✓✓
- Behoorlike finansiële bestuur en beheer is noodsaaklik om aan die doelwitte deur die staat opgestel, voldoen word ✓✓

<u>BELEGGING IN SOSIALE KAPITAAL:</u>

- Streeksontwikkeling fokus op die beginsel van: *van die mense, vir die mense, deur die mense* ✓✓
- Ontwikkeling moet aangespreek word van onder af waar die noodsaaklikste menslike behoeftes bestaan ✓✓
- Totale ontwikkeling dek alle fasette van die menslike lewe insluitende onderrig, gesondheid en voeding ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)
(2 x 4) (8)

Kopiereg voorbehou 

4.5 **Evalueer die sukses van invoervervanging as 'n Suid-Afrikaanse handelsbeleid.**

Invoervervanging was suksesvol as handelsbeleid deur:
- bevordering van die skepping en groei van plaaslike nywerhede ✓✓
- 'n gaping vir investering binne binnelandse grense geskep is ✓✓
- hulpbronne toe te ken na produksie van goedere wat lei tot vorming van nuwe nywerhede ✓✓
- dat dit gelei het tot verhoogde winste wat 'n positiewe impak gehad het op besparings, investering en kapitaalvorming ✓✓
- die vorming van binnelandse industrialisering wat die vraag na arbeidsintensiewe nywerhede vergroot en werksgeleenthede skep deur die nuutste tegnologie te gebruik ✓✓
- die aanpasbaarheid tot globale ekonomiese skokke te verbeter deur voort te bou op ekonomiese stabiliteit en volhoubaarheid ✓✓
- verstedeliking te fasiliteer deur uitbreiding van nywerhede ✓✓
- beperking van invoere wat 'n verhoogde vraag vir plaaslik geproduseerde produkte verhoog ✓✓

Invoervervanging was nie suksesvol as handelsbeleid nie omdat:
- beperkings op invoere 'n stygende vraag na produkte geskep het ✓✓
- dit gelei het tot 'n gebrek aan eksterne mededinging wat die doeltreffendheid van kleuternywerhede beïnvloed net – groei is negatief geaffekteer ✓✓
- dit gefaal het om aan die behoeftes van 'n groeiende binnelandse industrie te voldoen, en gelei het tot swartmarkte (onwettige markte) ✓✓
- finansiële lekkasies staatsinkome en die totale kapitale basis van die ekonomie verlaag ✓✓
- beskerming van handel as gevolg van invoervervanging wat gelei tot 'n oorgewaardeerde wisselkoers wat binnelandse pryse laat styg ✓✓
- dit die staat gedwing het om meer te spandeer op gesubsidieerde nywerheidsinvestering. Inflasie volg ✓✓
- kapitaal en entrepreneurstalent weggetrek word van nywerhede en ontwikkelende lande na lande wat 'n komparatiewe voordeel in produksie het ✓✓
- die totale hoeveelheid invoere nie verminderr nie, omdat Suid-Afrika steels gespesialiseerde produkte invoer, sowel as kapitaal (lenings) en intermediêre goedere om produkte plaaslik te produseer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek die rol van markte in die ekonomiese kringloop. (26 punte)**
- **Hoe kan die sakesektor 'n groter bydrae tot die ekonomie lewer? (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

- Markte koördineer ekonomiese aktiwiteite en bepaal pryse vir goedere en dienste ✓✓
- Die ekonomiese kringloop model is 'n vereenvoudigde voorstelling van die interaksie tussen die deelnemers van die ekonomie ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Goedere/produkte/uitsetmarkte** ✓
- Dis markte vir verbruikersgoedere en dienste ✓✓

In ekonomie is daar 'n onderskeid tussen goedere en dienste:
- Goedere word gedefinieer as tasbare items soos voedsel, kleding en motors wat sekere menslike behoeftes bevredig ✓✓
- Koop en verkoop van goedere wat geproduseer word in die markte bv.
  - Kapitaalgoederemark vir handel in geboue en masjinerie ✓✓
  - Verbruikersgoederemark vir handel van duursame verbruiksgoedere, semi-duursame verbruiksgoedere en nie-duursame verbruikersgoedere ✓✓
- Dienste word gedefinieer as nie-tasbare aksies en sluit groot- en kleinhandel, vervoer en finansiële markte in ✓✓
- Vloeie van private en publieke goedere en dienste is reële vloeie en word vergesel deur wedersydse vloeie van besteding en belasting op die produktemark ✓✓

**Faktor/hulpbron/insetmarkte** ✓
- Produksiefaktore word gekoop en verkoop in die faktormark ✓✓
- Die faktormark sluit arbeid, eiendom en finansiële markte in ✓✓
- Faktordienste is reële vloeie en word vergesel van wedersydse vloeie van inkome op die faktormark ✓✓

**Finansiële markte** ✓
- Nie direk betrokke in produksie van goedere en dienste nie, maar verbind huishoudings, die sakesektor en ander deelnemers deur surplusfondse ✓✓
- Banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse vorm deel van die finansiele mark ✓✓

**Geldmarkte** ✓
- In die geldmark, word korttermynlenings en baie korttermynfondse gespaar en geleen deur verbruikers en sakeondernemings ✓✓
- Voorbeelde van produkte verkoop in hierdie mark is bankskuldbriewe, skatkiswissels en staatseffekte ✓
- Die SARB is die sleutelinstelling in die geldmark ✓✓

**Kapitaalmarkte** ✓
- In die kapitaalmark word langtermynfondse geleen en gespaar deur verbruikers en sakeondernemings ✓✓
- Die Johannesburg Effektebeurs is die sleutelinstelling in die kapitaalmark ✓✓
- Voorbeelde van produkte verkoop in hierdie mark is verbandlenings en aandele ✓✓

**Buitelandse valutamarkte** ✓
- Op die buitelandse valutamark koop/verkoop besighede buitelandse valuta om vir ingevoerde goedere en dienste te betaal ✓✓
- Hierdie transaksies kom voor in banke en bestaan uit 'n elektroniese geldoordrag van een rekening na die ander ✓✓
- Die belangrikste buitelandse valutamarkte is in Londen/New York/Tokio ✓✓
- Die SA rand word vryelik verhandel in hierdie markte as 'n persoon reisigerstjeks koop om oorsee te reis ✓✓
- Invoere en uitvoere is reële vloeie en word vergesel deur wedersydse vloeie van besteding en inkomste op die buitelandse valutamark ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

ÉcoleBooks

**Hoe kan die sakesektor 'n groter bydrae tot die ekonomie lewer?**
Die sakesektor kan 'n groter bydrae lewer deur:
- te investeer in meer arbeidsintensiewe projekte wat fokus op indiensopleiding en vaardigheidsontwikkeling vir werkers ✓✓
- winste te herbelê in bruto kapitaalvormingsprogramme ✓✓ toerusting, gereedskap, vervoerbates en elektrisiteit ✓
- hul besigheidsomvang uit te brei en te investeer in die nuutste tegnologie om te verseker dat kwaliteit produksiefaktore nodig vir produksie verkry kan word ✓✓
- diversifisering van sakebedrywighede deur gedifferensieerde produkte aan te bied wat buite hul lyn van produksie lê ✓✓
- Suid-Afrikaanse besighede te ondersteun in terme van verkryging van volmag in grondstowwe en 'n groter markaandeel vir Suid-Afrikaans geproduseerde goedere en dienste plaaslik en oorsee ✓✓
- die bestaan van goeie sakebeginsels te verseker teenoor 'n langtermyn betrokkenheid in die ekonomie wat kan lei tot 'n positiewe ekonomiese groeikoers ✓✓
- die gebruik van lenings om te investeer in kapitaalgoedere soos masjinerie, wat massaproduksie moontlik maak teen 'n laer koste en sodoende mededingendheid verbeter ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) (Maks 10)

**SLOT**

Markte is baie belangrike instellings in ons ekonomiese stelsel, omdat hulle vraag en aanbod reguleer en prysstabiliteit verseker asook algemene sakevertroue ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2) **[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

- **Bespreek, sonder grafieke, die aanbodkantbeleid om ekonomiese groei te bevorder. (26 punte)**
- **Hoekom behoort die owerheid meer op Klein-, Medium- en Mikro-ondernemings (KMMO's) te fokus as dryfkrag in die ekonomie? (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

Aanbodkantbeleide fokus op aanbod en sy mikro-ekonomiese komponente soos mededinging en potensiële uitset in die aanbod van goedere en dienste ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**1. DIE DOELTREFFENDHEID EN EFFEKTIWITEIT VAN MARKTE ✓**

**Doeltreffend**

- As 'n besigheid sy doelwitte van winsgewendheid en groei bereik, is die besigheid doeltreffend ✓✓
- Soortgelyk, is nywerhede en markte doeltreffend as hulle hul doelwitte bereik het✓✓
- In Suid-Afrika, stel die owerheid doelwitte in op markte deur wetgewing waar hulle verplig word om voort te gaan as hulle hul mikpunte bereik het, omdat dit dui op doeltreffendheid ✓✓

**Effektiwiteit**

- Die owerheid vereis dat markte funksioneer op so 'n wyse dat meer swart mense opgeneem word in die hoofstroomekonomie omdat hulle voorheen uitgesluit was ✓✓
- Twee Wette is uitgevaardig om voorkeur te verleen aan swart werkers en ondernemings van swart mense ✓✓
  Die **Wet op Gelyke indiensneming** ✓ Hierdie Wet verbied diskriminasie en vereis dat die werksmag die rasse- en geslagsprofiel van die bevolking reflekteer ✓✓
  - Besighede moet hul indiensnemings-gelykheidsplan aan die Departement van Arbeid en inspekteurs van die departement voorlê by besoek aan die besigheid om te verseker dat hulle aan die wet voldoen ✓✓

  **Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging** ✓
  - Hierdie Wet verskaf 'n regsbasis vir transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie ✓✓
  - Dit vereis regstelling sodat die aantal swart mense wat besighede in die land besit, bestuur ene beheer ✓✓ aansienlik sal styg en inkome-ongelykheid aansienlik kan daal ✓✓
  - Pareto-doeltreffendheid ✓ beteken dat gegewe die beperkings van effektiewe parameters, is dit nie moontlik om die toekenning van hulpbronne op so 'n wyse te laat geskied dat iemand beter daaraan toe is sonder dat iemand swakker daaraan toe is nie ✓✓
  - Dit sluit produktiewe en toedelingsdoeltreffendheid in ✓✓
    - **Mededinging** ✓ Dit is op die volgende wyse in die markte verbeter: deur die stig van nuwe besighede en verkryging van BDI ✓✓ en die vermindering van invoerbeperkings ✓✓ wat mededinging van oorsee verhoog het ✓✓
    - Bykomend, is 'n mededingingsreguleringsnetwerk begin wat mededingingspraktyke tussen binnelandse besighede afdwing (die Wet op Mededinging (1998), Mededingingstribunaal, Mededingingsappelhof) ✓✓. Ten spyte hiervan toon die Globale Mededingingsindeks dat Suid-Afrika se mededinging verswak ✓✓

  - **Deregulering** ✓ Private sektor magsongelykhede wat die vrye funksionering van markte aan bande lê, is hersien en sommiges geskrap in die 1990s ✓✓
  - **Privatisering** ✓ doeltreffendheid verbeter in terme van kwaliteit dienste gelewer en produkte geproduseer ✓✓
- Die regering verbind hom steeds om die gemak waarmee sake in Suid-Afrika gedoen word, te verbeter ✓✓
- Wisselkoersbeheermaatreëls is periodiek verslap maar nie geskrap teen 2012 nie ✓✓
- Die Gemak om Sake te doen Indeks toon dat Suid-Afrika se prestasie elke jaar verswak ✓✓

**Sakedoeltreffendheid ✓**
Sommige maatreëls dien as aansporings tot groter inspanning en doeltreffendheid asook groter winsgewendheid ✓✓

- **Belasting** ✓
  - Die land se maatskappybelasting is 28% en klein sakeondernemings betaal 'n laer koers solank as wat hulle inkome minder as R350 000 per jaar is terwyl mikro-ondernemings se omset R750 000 is ✓✓
  - Individuele inkomstebelasting begin op 18% en styg op 'n glyskaal tot 40% ✓✓
  - Die effek van blokkruiping op persoonlike inkomstebelasting is aangespreek in omtrent elke begroting met aanpassings van inkomeblokke ✓✓

ÉcoleBooks

- **Kapitaalvorming** ✓
  - Die depresiasie van kapitaalgoedere gebruik deur besighede is ontwerp om investering aan te moedig bv. Die aankope van nuwe masjinerie mag depresieer oor 4 jaar, 40% in die eerste jaar en rekenaars en elektroniese toerusting oor drie jaar ✓✓
  - Die owerheid, deur die DHN en NOK verskaf kapitaal en lenings aan KMMO's en groter besighede ✓✓
  - Dit dien as aansporings om doeltreffendheid te bevorder ✓✓

- **Menslike hulpbronne/transformasie in onderrig** ✓
  - Onderwys ontvang proporsioneel 'n groter deel van die begrotingsbesteding ✓✓
  - Sektorale Onderwys en Opleidingsowerhede (SETAs) moet na skool fasiliteer, asook werkverwante opleiding en al hierdie maatreëls is gerig op groter doeltreffendheid ✓✓

- **Gratis adviesdienste** ✓
  - Voorbeelde sluit die ontwikkeling van uitvoermarkte, bestuur en beheer van KMMO's, landbouproduksie, weervoorspellings, en voorkoming en genesing van siektes onder diere in ✓✓


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 2. KOSTE OM BESIGHEID TE DOEN ✓

In Suid-Afrika beheer die regering meeste fisiese infrastruktuur-komponente ✓✓
Die beskikbaarheid, betroubaarheid en koste van infrastruktuurdienste speel 'n belangrike rol in die finansiële lewensvatbaarheid en winsgewendheid van besighede ✓✓

- **Vervoerkoste** ✓
  - Vervoerkoste in die vorm van lug, pad, spoorlyn en seevervoer ✓✓
  - Die staat beheer lug- en spoorvervoer in Suid-Afrika ✓✓
  - 'n Aansienlike deel van vrag- en passasiervervoer geskied per pad ✓✓
  - Slegs 'n betroubare spoorvervoerdiens wat goedkoper is as padvervoer sal dit omkeer ✓✓
  - Vervoerkoste binne Suid-Afrika en tussen Suid-Afrika en sy uitvoerbestemmings is duur as gevolg van die lang afstande betrokke ✓✓
  - Die regering het hom verbind om die doeltreffendheid en betroubaarheid van spoorvervoer dienste te verbeter en dit meer bekostigbaar te maak ✓✓

- **Kommunikasiekoste** ✓
  - Kommunikasieopsies is kabel, sein en pos ✓✓
  - Die owerheid beheer kabel (land / vas) en pos-kommunikasiedienste ✓✓
  - Kabel kommunikasie in Suid-Afrika is die duurste in die wêreld maar redelik doeltreffend ✓✓
  - Die hoë koste maak IT-dienste vir besighede en individue duur en verhoed globale mededingendheid ✓✓

ÉcoleBooks

- **Energiekoste** ✓
  Die 2 vernaamste vorme van energie in Suid-Afrika is elektrisiteit en brandstof ✓✓
  - Eskom is 'n monopolie as elektrisiteitverskaffer ✓✓
  - In onlangse jare het koerse aansienlik gestyg en by tye was dit onmoontlik om aan die vraag vir elektrisiteit te voldoen wat die doeltreffendheid van die ekonomie benadeel het ✓✓
  - Die regering kondig aansienlike investering in nuwe elektrisiteit kapasiteit aan✓✓
  - Die regering reguleer petrol en paraffienpryse ✓✓
  - Pryse op ingevoerde ru-olie word verbind aan hoë internasionale markpryse ✓✓
  - Hoë vloeistof energiepryse ondermyn die doeltreffendheid van die ekonomie✓✓

## 3. MENSLIKE HULPBRONNE ✓
- Pas migrasiebeleide toe om werkers met baie vaardighede te behou en invloei van werkers met swakker vaardighede te beperk ✓✓
- Bevorder kwaliteit onderwys en opleiding om arbeidsproduktiwiteit te verhoog✓✓
- Verminder die mag van vakbonde om 'n groter soepelheid in loon en arbeidspraktyke aan te moedig ✓✓

## 4. NATUURLIKE HULPBRONNE ✓
- Waarde, groei en behoud van natuurlike hulpbronne van die land ✓✓
- Investeer in nuwe ontdekking van minerale en ander hulpbronne ✓✓
- Investeer in navorsing en tegnologie om produktiwiteit van natuurlike hulpbronne te verhoog ✓✓

**5. KAPITAALVORMING ✓**

- Bevorder privaatsektor investering in mensgemaakte kapitaal soos nuwe fabrieke ✓✓
- Gebruik publieke geld doeltreffend om infrastruktuur, publieke goedere en dienste te verbeter ✓✓
- Bevorder tegnologiese verbeterings om produktiwiteit van kapitaal en arbeid te verhoog ✓✓
- Moedig buitelandse investering aan deur wisselkoersbeheer te verwyder en ander beperkinge op die vrye beweging van kapitaal ✓✓
- Moedig die publiek aan om te spaar en befondsing vir kapitaalvorming te verskaf ✓✓
- Skep 'n stabiele sakeomgewing wat vertroue daarstel en investering bevorder✓✓

**6. ENTREPRENEURSKAP ✓**

- Moedig mededinging aan deur beleide van deregulering en anti-monopolistiese wetgewing ✓✓
- Bevorder 'n entrepreneuriese kultuur en moedig oprigting van nuwe sakeondernemings aan deur finansies en raad te verskaf, entrepreneuriese onderrig en opleiding en 'n sake-vriendelike regsomgewing daar te stel ✓✓

**7. TEGNOLOGIE ✓**

- Nuwe wetenskaplike kennis in die vorm van uitvindings en ontdekkings word toegepas ✓✓
- Gevorderde tegnologie stimuleer ekonomiese groei en ontwikkeling, om 'n wyer verskeidenheid goedere te produseer / verbeter die kwaliteit van goedere en dienste / navorsing en produksie van nuwe produkte ✓✓

('n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

Die regering behoort te fokus op KMMO's om die ekonomie se dryf omdat:

- die kleinsakesektor 'n groot deel van die arbeidsmag in diens neem in vergelyking met ander grootte besighede ✓✓
- die gemiddelde kapitale koste van 'n werk wat geskep word in die KMMO-sektor laer is as in die groot sakesektor ✓✓
- dit meer kompeterende markte toelaat waar verbruikers voordeel trek uit 'n wyer verskeidenheid goedere teen meer mededingende (laer) pryse ✓✓
- dit vinniger as groter organisasies by die verandering in voorkeure en neigings aanpas ✓✓
- dikwels plaaslike hulpbronne gebruik wat 'n rimpeleffek op die ontwikkeling van ander nywerhede het ✓✓
- dit geleenthede bied vir aspirant-entrepreneurs, veral dié wat werkloos, onder-indiens of afgelê is ✓✓
- daar van werkers by die smaller punt op die skaal dikwels 'n beperkte aantal vaardighede of opleiding vereis word; hulle leer om die werk te doen ✓✓
- subkontraktering deur groot sakeondernemings aan KMMO's bied uitbreidingsmoontlikhede in produksieprosesse ✓✓
- dit 'n belangrike rol speel in tegniese- en ander uitvindings wat kan lei tot 'n wêreld met suksesvolle, hoogsgekwalifiseerde mededingers in die toekoms ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) (Maks 10)

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**SLOT**

Die aanbodkant-beleid benadering kan gebruik word om kwaliteit en kwantiteit gebruik van produksiefaktore tot voordeel van die ekonomie aan te wend ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

ÉcoleBooks

Kopiereg voorbehou